

## DIE GEBRUIK VAN LEESTEKENS

Met die koms van die eksamentyd sal ons skoolseuns en -dogters hulle kop seker weer gaan kwel oor die leestekens, en 'n aantal reëls gaan leer wat nie goed daarin wil bly sit nie. En as die reëls dan eenmaal van buite geleer is, dan sal hulle nog vind dat alles deurmekaar loop by die toepassing daarvan. Kinders, laat my julle hierdie troos gee, dat daar baie min grootmense is wat weet hoe om die leestekens te gebruik, en die wat dink dat hulle dit weet, weet dit nie eners nie. Daarom sal ek probeer om julle 'n paar praktiese wenke te gee wat vir julle, en moontlik ook vir party grootmense, van diens kan wees. Maar eers sal ek iets vertel oor die geskiedenis van leestekens, want hulle het nie altyd bestaan nie.

In die oudste Sanskrit, Griekse en Latynse handskrifte is naamlik nog hoegenaamd geen leestekens gebruik nie: alles is somar aanmekaar geskrywe. Eers langsamerhand het die gebruik ontstaan om die leser te hulp te kom deur woorde, sinne en paragrawe van mekaar te skei, waaruit later ook die gewoonte gegroei het om 'n skeidingsteken te plaas tussen belangrike sinsdele en om verskillende soorte sinne met aparte tekens van mekaar te onderskei. Maar in Sanskrit word tot vandag toe nog hele groepe woorde aanmekaar geskrywe, en ook die ou Grieke en Romeine het nooit soveel leestekens geken as ons nie. En die wat hulle gehad het is nooit volgens 'n goedgeurde sisteem gebruik nie. Wel het ene Aristophanes van Byzantium in die derde eeu voor Christus 'n sisteem ontwerp, maar dit het nooit algemeen gangbaar geword nie. Selfs in die middeleeue heers

daar nog die grootste willekeur en stelselloosheid met betrekking tot die gebruik van leestekens. Eers na die uitvinding van die drukpers het die behoefte aan 'n vaste stelsel dringender geword en dit is dan ook op die stelsel van 'n Venesiaanse drukker, Aldus Manutius (1450-1515), dat die reëls teruggaan wat ons vandag nog in ons grammatikas vind. In hierdie stelsel is die ver- naamste tekens—soos die punt en die kolon en die komma—oorgeneem van die Grieke en Romeine, maar dikwels met veranderde gebruik, soos in die geval van die kommapunt wat by die Grieke 'n vraagteken was. Daarnaas is ook nuwe tekens ingevoer en 'n bepaalde gebruik daarvoor aangewys.

Ons moet onthou dat die doel van leestekens is om die leser te hulp te kom. Die skrywer weet wat hy wil sê, maar hy gebruik hierdie tekens as 'n hulpmiddel om te voorkom dat die leser hom verkeerd sal verstaan. Hierdie hulpmiddel kan alleen absoluut effektief wees as daar 'n duidelike afspraak is, dit wil sê as die leser presies weet wat die skrywer met sy tekens bedoel het. Ongelukkig is dit nie altyd die geval nie, want ons vind baie verskille in die reëls van verskillende grammatikas, en so ook by skrywers nie alleen van verskillende lande en tye nie, maar selfs van dieselfde land en dieselfde tyd. Wat nog erger is, is dat die reëls wat gegee word, gewoonlik so opgestel word dat dit vir die skrywer 'n uiters moeilike taak is om hulle toe te pas, en wat die leser betref, hy het nie tyd om onder die lees nog eers aan reëls te gaan dink nie.

Die leestekens word in die eerste instansie gebruik om te voorkom dat 'n mens aparte sinne aanmekaar sal gaan lees. Hulle dien dus om aan te dui waar die een sin ophou en waar die ander begin. Onthou dit: aan die end van elke sin moet daar 'n leesteken staan. Hoe moet die skrywer weet wanneer hy aan die end van 'n sin kom? Hy voel dit. Dis nie nodig vir hom om sins-

ontleding daarvoor te leer nie; hy voel dit eenvoudig. Ons praat in sinne en die sinseenheid is iets wat ons spontaan aanvoel.

Ons het vier verskillende soorte volsinne: die bewering, die bevel, die vraag en die uitroep. Die skrywer weet natuurlik vanself watter soort sin hy bedoel. So spontaan voel ons dit, dat ieder van hierdie soorte sinne by die praat 'n eie betoning en tempo kry. Al wat die skrywer te doen het is dus om die regte teken agter die sin te sit, sodat die leser ook sal weet wat hy bedoel het. Maar hier stuit ons nou op 'n moeilikheid. Agter die bewering plaas ons 'n punt, agter die vraag 'n vraagteken, agter die uitroep 'n uitroepeteken, maar die bevel het nie 'n aparte teken nie. Party gebruik dus 'n punt na 'n bevel, maar die meeste — dink ek — gebruik 'n uitroepeteken.

Moeiliker is egter die interpunksie in die middel van 'n sin, veral wat betref die gebruik van kommas. As leidraad daarvoor sou ons kon uitgaan van twee beginsels: die ritmiese en die grammatiese. Wat die laaste betref, dit gee aanleiding tot 'n aantal reëls wat dikwels misleidend is en moeilik om toe te pas en die spontaneïteit laat verlore gaan. Daarom is my raad: luister na die ritme van jou sinne. Dan sal jy opmerk dat ons dikwels pouses maak in die middel van ons sinne. Dit sou maklikste wees as ons kon sê: Plaas 'n komma by elke pouse, maar dit sal nie gaan nie, want ons maak so baie pouses dat ons dan so veel kommas sou moes plaas dat dit hinderlik sou word. Luister dus weer goed en jy sal vind dat die pouses nie almal ewe lank is nie. Nou het ons iets om op af te gaan. Ons plaas die kommas by die langste pouses in die sin. Wat die korter pouses betref, daar kom dit nie so erg op aan nie; dis nie nodig om hulle aan te dui nie, maar as ons tog hier en daar een aandui, dan sal ons nie daardeur die leser mislei nie.

As ons op hierdie manier te werk gaan, sal ons altyd vir die leser presies aandui hoe ons self die sinne sou gesê het. Hy sal weet watter soort sinne ons bedoel en dus hoe hy hulle moet betoon, en hy sal weet waar ons self die vernaamste pouses in die sin maak en dus ook waar hy hulle moet maak. Alleen die kleiner pouses sal hy self moet invul en die sal selde 'n verskil maak aan die betekenis van die sin. Dit spreek vanself dat ons met hierdie metode nie altyd dieselfde resultaat sal kry nie, omdat alle mense en onself nie altyd dieselfde pouses op dieselfde plek in die sin maak nie. Maar dit is eer 'n voor- as 'n nadeel, want op dié manier kom die leser presies te wete hoe ons gevoel het toe ons die sinne geskryf het.

Laat ons nou 'n paar voorbeelde neem. In party grammatikas staan dat ons 'n komma voor 'n *wat*-sin moet plaas. Dit is verkeerd want in 'n sin soos: „Die appel wat van die boom geval het, was sleg,” rus ons nie na „appel” nie en 'n komma sou dus misleidend wees. As daar egter ander woorde tussen die selfstandige naamwoord en „wat” staan, dan rus ons wel voor „wat”, soos in: „Hy het die mes baie gemis, wat hy daar verloor het.” Hier sou 'n komma dus gepas wees hoewel nie absoluut noodsaaklik nie. Maar as die *wat*-sin betrekking het op die hele vorige sin, dan maak ons 'n langer pouse soos in: „Hy het ons van onverskilligheid beskuldig, wat glad nie billik was nie.” Hier kan die komma nie gemis word nie. Neem nou 'n ander voorbeeld. Die grammatiese reëls leer dikwels dat daar nie 'n komma tussen Onderwerp en Gesegde moet staan nie, maar as ons goed luister dan sal ons merk dat ons juis 'n lang pouse maak na 'n lang onderwerp en daar dus 'n komma moet plaas, bv. in 'n sin soos: „Die skape van die boer oorkant die rivier, het in die skut gekom.”

Die gebruik van die ander tekens is eenvoudiger en hoef ons dus nie uitvoerig te behandel nie. Ek wil dus

afsluit met nog net aan twee puntjies te herinner: (1) Die kommapunt word dikwels gebruik aan die end van 'n sin, en wel as die pouse so kort is dat dit as nouer verbonde met die volgende sin gevoel word, soos in: „Hy het nie meer lus om self te ry nie; dus het hy nou 'n voorman.” (2) Die dubbelpunt word gebruik as die toon in die hoogte bly sweef voor 'n lang rus, soos in: „Hy het net een woord gesê: ‚geduld.’”

---

#### LITERATUUR

*Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* in opdrag van die S.A. Akademie (Nasionale Pers, Bloemfontein, ens.); J. H. VAN DEN BOSCH: *Over Interpunksie* (Nieuwe Taalgids I).

## DIE VORME VAN DIE AFRIKAANSE WERKWOORD

Ek moet ekskuus maak vir 'n onderwerp wat u al dadelik sal herinner aan die skoolbanke, maar ek hoop dat u voor die end van die praatjie sal insien dat die onderwerp van belang is selfs vir diegene wat liefs hulle skooldae vergeet.

Die vorme van die Werkwoorde is in Afrikaans eintlik uiters eenvoudig. Dit sal vir iedereen dadelik duidelik wees wat dit vergelyk bv. met die Werkwoord in Grieks of Latyn, of selfs Frans. En tog word dit in ons skoolgrammatikas 'n ingewikkelde saak, onnodig ingewikkeld; en wat erger is, die saak word dikwels misleidend en onbegryplik voorgestel, terwyl dinge wat wel belangrik is glad nie vermelding vind nie. Ek neem bv. 'n Afrikaanse skoolgrammatika op en ek vind daar die volgende tye vermeld:

Voltooid Teenwoordige tyd:	hy het geskryf.
Onvoltooid Verlede tyd:	hy het geskryf.
Voltooid Verlede tyd:	hy het geskryf.

Dan het ek tog seker alle reg om te veronderstel dat elke intelligente skoolkind, net soos ek, sal vra: „Hoekom moet dieselfde ding dan drie verskillende name hê, en wanneer moet ek hom met die een naam noem, en wanneer met die ander?” Hoe die skoolmeesters dit regkry om sulke onsin goed te praat, weet ek nie; maar die feit is dat Afrikaans glad nie drie sulke tye onderskei nie. Hulle staan eenvoudig daar omdat hulle in die

Nederlandse grammatika staan, wat weer op sy beurt deur die Latynse grammatika beïnvloed is.

Die vervoeging van die Afrikaanse Werkwoord is baie eenvoudig. Met 'n paar uitsonderinge, ondergaan die Afrikaanse Werkwoorde, behalwe wanneer Hulpwerkwoorde gebruik word, hoegenaamd geen vormveranderinge om persoon, getal, tyd of wyse uit te druk nie. Ons sê dus: *ek kom, jy kom, hy kom, ons kom, julle kom, hulle kom*—altyddeur *kom* wanneer die handeling in die teenswoordige tyd plaasvind, maar ook: *ek kom môre, jy kom môre, hy kom môre, ons kom môre, julle kom môre, hulle kom môre*, wanneer dit in die toekoms sal plaasvind; en: *ek kom gister in die dorp, jy kom gister in die dorp, hy kom gister in die dorp, ons kom gister in die dorp, julle kom gister in die dorp, hulle kom gister in die dorp*, wanneer dit in die verlede plaasgevind het.

Wisselvorme soos *skryf* en *skrywe*, *beloof* en *belowe*, *bie* en *bieë* kan hier buite beskouing gelaat word, want daardeur word geen betekenisverskil uitgedruk nie. Die uitsonderinge is dus enkel woordjies soos *had, was, kon, mog, moes, wou, sou naas het, is, kan*, ens. Verder *kog, brog, dog, wis* en, in geykte uitdrukkinge, vorme soos: „U wil *geskiede*,” en „dit sy so”.

Hierdie eenvoud van werkwoordelike vorme in Afrikaans is die gevolg van 'n lang ontwikkelingsgeskiedenis. Uit 'n studie van die ouer tale waarvan dit afstam, kan ons die ontwikkelingsgeskiedenis leer ken. In Nederlands is die vorme meer ingewikkeld, in ou-Germaans nog ingewikkelder en in Indogermaans nog baie ingewikkelder. Afrikaans het dus maar net 'n ontwikkeling voortgesit wat reeds aan die gang gesit was deur sy voorouers. Die ontwikkeling val onder twee hoofde, nl. (1) verlies van uitgange, ook genoem defleksie, en (2) verlies van Ablaut, d.i. van veranderinge van die vokale in die stam van die werkwoord, soos ons

dit bv. vind in Nederlands *dronk* naas *drink*. Die ou uitgange en veranderinge van stamklinker was egter lank nie in alle gevalle louter versieringe nie, en waar nodig moes hulle dus deur iets anders vervang word. In party gevalle vind ons onderskeidinge wat in die ouer taal gemaak is, oorbodig; maar waar ons hulle as nodig voel, gebruik ons Voornaamwoorde en Hulpwerkwoorde in die plek van die ouer hulpmiddels. Ons gebruik dus meer woorde as ons voorouers, maar hulle is korter.

Na 'n Hulpwerkwoord gebruik ons partykeer die gewone vorm van die Werkwoord, soos in: „Hy sal *kom*” en „Hy het *bedank*,” maar partykeer voeg ons daar *ge-* voor, soos in: „Hy het *gekom*.” Hier word dus 'n ander vorm aan die woord *kom* gegee. Dan het ons ook nog 'n vorm *komende*, die sogenaamde Teenwoordige Deelwoord, maar dit is nie 'n suiwer werkwoordelike vorm nie, en word vir 'n deel alleen in literêre taal gebruik. Daarnaas verander ons egter die volgorde van die dele van 'n samegestelde Werkwoord as ons bv. in die een geval sê: „Hy moet dit *oorskrywe*” en in die ander: „Hy *skrywe* dit oor,” iets waarop in die reël te min nadruk gelê word in die grammatika.

As ons nou die vorme wat die Werkwoord oorgehou het in Afrikaans en die gebruik wat gemaak word van Hulpwerkwoorde, nader wil beskou, dan moet ons goed onderskei tussen vorm en betekenis. „Hy *kom*” en „Hy sal *kom*” is twee vorme van die Werkwoord. In die grammatika word die eerste die Teenwoordige en die tweede die Toekomende tyd genoem. *Kom* kan egter net so goed die toekoms uitdruk as die teenswoordige, bv. in: *Hy kom môre*. „Teenwoordige Tyd” is dus maar net 'n naam vir die vorm van die werkwoord, en dui glad nie altyd die regte betekenis aan wat deur die vorm uitgedruk word nie. Ons het dus eintlik behoefte aan twee terme, een vir die vorm van die Werkwoord en een vir die betekenis wat daardeur uitgedruk word. Vir



die eerste sou ons bv. die term „Teenwoordige Tydsvorm” kon gebruik; dan is *kom* die Teenwoordige Tydsvorm, maar dit kan ’n handeling in die teenswoordige, die toekoms, of die verlede uitdruk, d.w.s. dit kan drieërlei betekenis uitdruk.

Ons is in staat om logies uit te redeneer, watter tye daar in die ervaring van ’n mens kan bestaan, maar dit wil nie sê dat ons dit nodig vind om altyd presies aan andere mee te deel op watter van die tye ’n handeling plaasgevind het nie.

In absolute sin kan ons onderskei die teenswoordige, die verlede en die toekoms. Die teenswoordige is eintlik maar net ’n tydstip, iets wat oneindig klein is, maar ons kan hierdie tydstip rek tot in die oneindige toe, bv.: *Dit gebeur nou; dit gebeur vandag; dit gebeur vanjaar; dit gebeur in die twintigste eeu.* Daar is egter ander tye wat afhanklik is van of in betrekking staan tot hierdie absolute tye. So kan ons sê dat iets toekomstig was in die verlede, of verby was in die verlede; of dat iets nog ongedaan sal wees in die toekoms, of verby sal wees in die toekoms.

In Afrikaans vind ons dit nie nodig om aan te dui of ’n handeling in die verlede reeds verby was of nog voortgeduur het as dit in die Aktiewe Vorm gestel word nie, maar wel as dit Passief gestel word. In die Aktief sê ons dus: „Hy *het* die brief al *geskrywe*, voor ek daar gekom het” sowel as: „Hy *het* die brief gister al *geskrywe*,” maar in die Passief onderskei ons: „Die brief *was* al *geskrywe* toe ek daar gekom het” teenoor: „Die brief *is* gister al *geskrywe*.” Daarenteen is daar dikwels ander dinge aangaande ’n handeling wat as belangriker gevoel word dan die presiese tyd en dus wil uitgedruk word, soos of dit net begin of reeds aan die gang is, of dit aanhou of kort van duur is, of dit onderbreek word, ens.

Laat ons dan nou 'n aantal vorme van die Afrikaanse Werkwoord neem en kyk wat hulle werklik beteken. Die tyd sal ons nie toelaat om almal te behandel nie.

#### TEENWOORDIGE TYDSVORM

*Ek skrywe*: teenswoordige tyd. *Ek skrywe Saterdag huistoe*: toekomende tyd. *Ek skrywe eergister vir hom oor die saak*: verlede tyd. *Ek skrywe saands briewe*: 'n ou gewoonte wat nog voortduur, maar slegs met tussenposes uitgevoer word. *Kinders hou van lekker-goed*: 'n waarheid wat altyd bestaan.

Hierdie vorm druk dus eintlik glad nie tyd uit nie. Dit dui net die handeling aan, en die tyd word, waar nodig, uitgedruk deur ander woorde wat in die verband voorkom. Daarenteen kan ons 'n teenswoordige handeling bv. ook op die volgende maniere uitdruk: *ek begin te skrywe*, *ek hou aan skrywe*, *ek is besig om te skrywe*, *ek is aan 't* (of *aan die*) *skrywe*, *hy staan die heeldag en lol* (voortduring), *hy praat lag-lag* (onderbroke).

#### VERLEDE TYDSVORM

*Hy het die brief net geles*: die onmiddellike verlede. *Hy het die brief gister geles*: die verder verlede. *Hy het die brief geles, voor ons gekom het*: die relatiewe verlede.

Daarenteen kan ek die verlede tyd net so goed uitdruk met: *Hy lees die brief gister en word toe somar kwaad* (die Teenwoordige Tydsvorm) of: *Toe hy die brief gister lees, word hy somar kwaad* (ook Teenwoordige Tydsvorm).

#### TOEKOMENDE TYDSVORM

Die standaard-tipe is: *Hy sal (netnou) die brief skrywe*: absolute toekoms; maar ek kan net so goed

sê: *Hy gaan (netnou) die brief skrywe*: absolute toekoms. *Hy sal (of gaan) die brief skrywe voor jy vertrek*: relatiewe toekoms.

Daarenteen kan ek die toekomende tyd net so goed uitdruk met: *Hy skrywe netnou nog die brief (en kom dan)*.

En kyk nou wat alles met *sou*, die Verlede Tydsvorm van *sal*, uitgedruk kan word:

- (1) *As ek die kans moes kry, sou ek daar 'n sukses van maak*: 'n veronderstelling vir die toekoms, maar dis onseker of die handeling sal plaasvind.
- (2) *Hy sou gesê het dat hy alle verantwoordelikheid op hom neem*: indirekte rede waarvan die juistheid in twyfel getrek word.
- (3) *As ek die kans gekry het, sou ek daar 'n sukses van gemaak het*: 'n veronderstelling oor die verlede wat nie vervul is nie.
- (4) *Sou jy vir my 'n plesier wil doen?*: 'n beskeie vraag.
- (5) *Ek sou so dink dat dit verbied moet word*: 'n sterk bewering.

*Mag*: (1) beteken „toegelaat word”, bv. in: *Hy mag nie saamgaan nie*; verlede tyd: *Hy mog nie saamgaan nie*; (2) druk 'n eerbiedige wens of begeerte uit in: *Mag ons sondes ons vergewe word*; maar die Verlede Tydsvorm: *Mog ons sondes ons vergewe word*, versterk alleen die gevoel van eerbiedigheid; (3) in: *Moenie so hard praat nie: hy mog ons hoor*, druk die Verlede Tydsvorm onsekerheid en vrees uit.

*Moet*: (1) druk verpligting uit in: *Hy moet daar wees*; verlede tyd: *Hy moes (of moet) daar gewees het*; (2) bevat 'n dreigement in: *Dit moet nie nog 'n keer*

*gebeur nie; verlede tyd: Dit moes nie nog 'n keer gebeur het nie.*

*Kan:* (1) beteken „die mag hê” in: *Ek kan* (verlede tyd: *kon*) *dit nie regkry nie;* maar (2) in: *Jy kan* (verlede tyd: *kon*) *maar gaan,* beteken dit dieselfde as *mag (mog).*

Dis snaaks dat so baie van die Hulpwerkwoorde, soos *mag, mog* hierbo, gebruik kan word om 'n wens of begeerte uit te druk deur hulle eerste in 'n sin te plaas. Vergelyk bv.: *Mog ek dit nog belewe* (wens) met: *Ek mog dit nog belewe* (bewering). So is: *Kon ek dit maar sien!* ook 'n wens. So ook: *Was ek maar daar gewees! Had (of het) ek dit maar gesien!* Dis iets wat ons nie met ander Werkwoorde kan doen nie. Probeer maar: *Sien ek dit nou maar!* Nee, dit gaan nie. Hier het ons dan nog een van die onderskeidings wat ons taal wel maak, maar gewoonlik nie in die grammatikas staan nie. En so is daar baie meer.

---

#### LITERATUUR

JESPERSEN: *The Philosophy of Grammar en Essentials of English Grammar*; J. VAN GINNEKEN: *De Tyden van het Werkwoord* in „Zielkundige Verwickelingen” IV en Nieuwe Taalgids V.; J. M. ACKET: *De Tyden der Werkwoorden* (Nieuwe Taalgids VI).

## MOËT ELKE SIN 'N WERKWOORD HÊ?

Ek het 'n dierbare ou skoolmeester van die ou tipe geken wat altyd deur sy leerlinge met die grootste eerbied bejeën is. Maar partymaal, as hy daaraan gedink het, veral by 'n taalles, en die kinders antwoord vir hom, „Yes, sir” as hy iets vra, dan stuif hy op en sê, „That is no sentence; answer me in a sentence.” Die rede vir hierdie opstuiwing word dadelik duidelik as ek 'n paar ou grammatikas opslaan. In een lees ek bv.: „In elke sin is daar twee noodsaaklike bestanddele, al word hulle nie altyd uitdruklik genoem nie . . . . Die eerste is die gesegde, die tweede die onderwerp . . . . Die gesegde moet altyd die persoonsvorm van die werkwoord wees,” ens. In 'n ander lees ek: „Daar elke enkelvoudige sin op sigself volmaak moet wees en alleen behoort te kan staan, is dit absoluut 'n onmisbare vereiste dat dit 'n bepaalde werkwoord het.”

Wanneer ek egter luister na mense wat praat, dan word hierdie beweringe nie bevestig nie. Ek slaan bv. die eerste die beste toneelstukkie wat ek in my besit het, op 'n willekeurige plek oop, en lees daar die volgende:

Sannie: Mevrouw! Mevrouw! (sonder Werkwoord).

Anna: Wat is dit?

Sannie: Meneer is hier buite.

Anna: My man?! (sonder Werkwoord).

Eva: Pa! (sonder Werkwoord).

Emma: Pappie?! (sonder Werkwoord).

Frikkie: Oom?! (sonder Werkwoord).

Sannie: Ja! (sonder Werkwoord).

Anna: Dit is tog niks om oor te lag nie!

(Uit: „So'n Vabond” deur Walter Spiethoff).

Van nege sinne dus ses sonder Werkwoord. Vanwaar dan hierdie verskil tussen teorie en praktyk? Is dit regtig waar wat die grammatikas ons vertel het, nl. dat elke sin 'n Werkwoord moet hê? En as dit so is, waar haal die skrywers van toneelstukkies dan so baie sinne sonder Werkwoord vandaan? Of gebruik hulle slegte taal? Moet ons dan vir die toneelspelers vra om elke sin so te verander dat dit 'n Werkwoord kry, en moet ons wat onderwysers is die opstelle van ons leerlinge gaan verander tot daar geen sin sonder Werkwoord oorbly nie? Laat my u, voor u dit doen, vertel dat u en ek ook gedurig sulke sinne maak. Laat my 'n paar gevalle noem, waar ek dit doen. U vra my of ek al u vriend se laaste roman gelees het en ek antwoord „Nee, nog nie.” Is „Nee, nog nie” nie 'n sin nie, en waar is die Werkwoord? — Ek gee les en skielik sien ek dat een van die kinders sit en rondkyk. Gou vermaan ek haar: „Annie!” Is dit nie 'n sin nie, en waar is die Werkwoord? — 'n Seuntjie het sy vinger gesny en ek beklag hom: „Ag, foei tog!” — U gee 'n gevatte antwoord en ek sê: „Mooi skoot!” — U wys vir my 'n skildery en ek roep uit: „Pragtig!” Is dit nie almal goeie sinne nie, en waar is dan die Werkwoorde?

Of wil u betwis dat dit sinne is? Dan sal ek u vertel wat ek onder 'n sin verstaan. 'n Sin is vir my elke woord of groep woorde waarmee ek 'n aparte mededeling doen. Elke woord wat ek hoor, soos *stoel*, *tafel*, *loop* roep 'n beeld voor my gees, maar tensy hulle op 'n bepaalde manier gesê of verbind word, deel hulle nog niks vir my mee nie. As ek egter sê „Annie!” soos daarnet, dan deel ek iets mee, en ook as ek uitroep „Pragtig!” by die aanskouing van 'n skilderstuk, net so goed as wanneer ek sê: „Piet hardloop vinnig.” Die aanwesigheid van 'n Werkwoord het daar dus niks mee te doen nie. Ek kan net so goed sonder, as met, Werkwoorde, mededeling

doen, dus sinne maak. Dink ook nog daaraan hoe lekker spreekwoorde sonder Werkwoord uit ons mond vloei:

*Hoe meer siele, hoe meer vreugde.*

*Stille waters, diepe gronde.*

*Eers die koutjie en dan die vroutjie.*

*Gou by die bak, stadig by die werk.*

*Ver van jou goed, naby jou skade.*

Waar het ons skrywers van grammatikas en skoolmeesters dan daaraan gekom om te vertel dat daar altyd 'n Werkwoord moet wees? Is dit moontlik dat almal honderde jare lank so blind, of liewers so goed van gesig, kon gewees het, dat hulle 'n Werkwoord gesien het waar daar nie een was nie? — Waar hulle daar aan kom? Ja, dis 'n storie wat versprei is in 'n tyd toe die wetenskap nog nie 'n soek na waarheid was in dieselfde sin waarin dit vandag is nie. Maar tog was hulle nie altyd so blind dat hulle nie kon sien dat die bewering verkeerd was nie. In plaas egter van te erken dat dit verkeerd was, het hulle bly volhou dat dit reg was, en hulle leerlinge toe met drogredene om die tuin gelei. Hulle het gesê: „Ja, ons hoor die Werkwoord wel nie, maar dis darem daar — dis verswyg.” 'n Redenering wat leerlinge met genoeg op gesag nasê, maar wat niemand wat self dink kan oortuig nie. Ons sou net so wel kon sê: „'n Mens het 'n stert; ons sien dit wel nie, maar dis darem daar — dis onsigbaar en onvoelbaar.” Nee, by die taalstudie, net soos by ander wetenskappe, het ons te doen met die werklikheid en moet ons eerlik wees. En in die taal hoor ons in sulke gevalle nou eenmaal nie 'n Werkwoord nie; dus is dit daar nie. Ons kan hoogstens sê dat daar op die geestelike agtergrond 'n Werkwoord moet wees, net soos ons sou kon sê dat die mens in voorhistoriese tye 'n stert moet gehad het, m.a.w. ons moet onderskei tussen die geestelike agtergrond en die

taal self. Dis een van die fundamentele foute van die ou grammatikas dat hierdie onderskeiding nie gemaak is nie, en dat dus verkeerdlik verlang is dat die taaluiting dieselfde sou wees as die taalagtergrond, m.a.w. daar is aangeneem dat omdat ons logies dink, die uitingsvorme van ons gedagtes ook op logiese grondslag moet berus. Dit is egter hoegenaamd nie die geval nie. Ons dink wel logies, maar die mededeling van ons gedagtes berus op psigologiese grondslag, d.w.s. word gedoen in sekere vorme wat gebruiklik is onder almal wat dieselfde taal praat en dus deur almal verstaanbaar is, maar dikwels sterk afwyk van die dinkvorme.

Laat ons dan nou nagaan wat daar op die geestelike agtergrond van ons praat gebeur. Laat ons 'n eenvoudige voorbeeld neem. U vra my: „Is jy dit daarmee eens?” En ek antwoord: „Gladnie.” Wat het daar in my gees gebeur? Toe u die sinnetjie gesê het, het ek die begrip, „eens wees,” saam met ander begrippe, in my gees opgeneem. Toe het ek dit daar verbind met 'n nuwe onderwerp, „ek,” sodat daar 'n vae gevoel van 'n sin soos: „Ek is dit daarmee eens,” in my gees ontstaan het. Ek het dit egter nie uitgespreek nie, en dit was ook nie nodig nie, omdat u vanself weet dat ek dit gedoen het. Ek het alleen uiting gegee aan iets wat vir u nuut was: „Gladnie,” en wat ons altwee sonder meer verbind het met die sin wat ons geweet het dat vaag in my gees gelewe het. In gevalle soos hierdie sou ons dus wel kon sê dat daar 'n Werkwoord op die geestelike agtergrond van die gesproke woord sweef. Maar in 'n sin soos: „Liewers bang Jan as dooi Jan” is dit al gevaarliker om so iets te beweer. Party sal beweer dit staan vir „ek is liewers ens.,” maar dit is baie twyfelagtig of dit so is. Neem ons egter uitroepe, soos: „Mooi so!”; „Pragtig!”; „Ag, foel tog!”, dan is dit glad onmoontlik om te sê watter werkwoord daar dan in die gees moet aanwesig wees. Die feit is dat ons hier gladnie 'n gedagte of 'n



handeling wil meedeel nie, maar 'n gewaarwording of 'n gevoel, en dat daar dus geen behoefte aan 'n Werkwoord is nie, ook nie op die geestelike agtergrond nie. Ons doen net mededeling daarvan dat daar iets nuuts in ons bewussyn gekom het. So laat die skrywer van 'n koerant of boek ook sonder behulp van 'n Werkwoord iets nuuts in die gees van die leser ontstaan wanneer hy bo-aan 'n berig of 'n hoofstuk skryf: „Verwoede gevegte in Abessinië.”—„In die hande van die vyand.”—„Voorwaarts.” — ens. Een van die groot foute wat gewoonlik gemaak word is om te veronderstel dat ons alleen praat om gedagtes aan mekaar mee te deel. Die mededeling van gevoelens speel minstens net so 'n belangrike rol in ons omgang met mekaar.

Om op te som, kan ons dus sê: daardie ou reël dat elke sin 'n Werkwoord moet hê is 'n blote legende. Dat daar altyd 'n Werkwoord verswyg is, wanneer daar nie een in 'n sin voorkom nie, is ook onwaar. Moenie dink dat u juis altyd in elke sin wat u skryf 'n Werkwoord moet gebruik nie, en, as u onderwyser is, moet dan ook nie verwag dat u leerlinge dit sal doen nie! Wie dit probeer doen, wring die natuurlike, frisse taal in 'n stywe, onnatuurlike keurslyf, maak die lewendige taal dood.

---

#### LITERATUUR

J. VAN GINNEKEN: *Ellipsomanie* in „Zielkundige Verwikkelingen” IV en Nieuwe Taalgids IV; J. J. LE ROUX: *Oor die Afrikaanse Sintaksis*.